

2024

BANKKOSTEVERSLAG

'n Vergelykende
ontleding van die
**KOSTE VAN PERSOONLIKE
TRANSAKSIEREKENINGE**
by vyf Suid-Afrikaanse banke

Theuns du Buisson



VRYWARING

Geen deel van hierdie verslag is bedoel as amptelike finansiële advies aan enige individu of groep nie. Solidariteit en/of verwante organisasies of instellings aanvaar geen verantwoordelikheid vir die wyse waarop enige deel van hierdie verslag gebruik word nie.

Ofskoon alles moontlik gedoen is om inligting wat deur banke in hulle prysliteratuur verskaf is akkuraat oor te dra, kon daar moontlik foute ingesluit het by die transkripsie en/of vertolking van die data. Daarbenewens werk banke gereeld hulle kostestrukture by. Solidariteit en/of verwante organisasies of instellings waarborg nie die akkuraatheid van die data nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige gevolge wat onakkurate data moontlik kan hê nie.

Inhoudsopgawe

Inleiding	4
1. Metode en vergelyking van transaksieprofiel	5
1.1 Lae inkomste en taamlik basiese bankbehoefte	7
1.2 Suiwer aanlyn bankbehoefte	8
1.3 Middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte	9
1.4 Hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte	10
2. Uitsonderlike koste soos Saswitch-gelde en onmiddellike oorbetalings na rekening by ander banke	11
3. Kostes en bespreking van PayShap-oorbetalings	12
Aanhangsel A – Bykomende inligting oor metode en benadering	13

Inleiding

In die 2024-verslag is die impak wat die Solidariteit Bankkosteverslag op die bankwese in Suid-Afrika het, duideliker as ooit tevore. Benewens die toenemende mededinging tussen banke wat hierdie verslag meebring, is dit ook duidelik dat banke toenemend deursigtig word oor hulle koste. Ongelukkig is van die banke nog relatief geheimsinnig oor hulle beloningsprogramme, maar al die banke waarmee Solidariteit in die afgelope jaar in kontak was, het onderneem om dit te verander.

Die oogmerk van hierdie verslag is nie om kommentaar te lewer op Suid-Afrikaanse banke of om bankkoste te kritiseer nie. Die doel is eerder om aan verbruikers 'n blik te gee op die opsies van transaksierekening wat die grootste banke in Suid-Afrika hulle bied. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat elke verbruiker se behoeftes verskil en dat spesifieke transaksies vinnig die individu se ervaring met 'n bank se kostestruktuur kan verander. Om daardie rede is gepoog om slegs die mees algemene transaksies in die transaksiemandjies in te sluit, terwyl ander belangrike gelde, wat minder alledaags is, soos Saswitch-gelde en onmiddellike oorbetalingsgelde, apart bespreek word.

Die vyf banke wat die kern van die bankkosteverslag vorm, is oudergewoonte Absa, FNB, Standard Bank, Nedbank en Capitec. 'n Mens kan eintlik sê dat sewe banke nou ontleed word, omdat Bank Zero en TymeBank ook jaarliks in die afdeling oor aanlyn bankdienste ingesluit word. Discovery Bank is nie in vanjaar se verslag ingesluit nie, omdat heelwat van die transaksies in ons mandjie nie op sy geldeblad aangedui word nie.

Hoewel die doel van die verslag geensins is om pryse uit te deel nie, moet die vordering wat Nedbank gemaak het betreffende sowel mededingendheid as deursigtigheid van sy gelde vermeld word. Dit is nie net sy rekening se name wat verander het nie. In die afgelope jare was Nedbank dikwels merkbaar duurder as ander banke. Vanjaar is Nedbank die goedkoopste in die 30-transaksieprofiel, met 'n maklik verstaanbare geldeblad op sy webwerf. FNB en Absa se geldeblaai is egter vanjaar moeiliker om uit te pluus as in die verlede, vanweë 'n uitleg wat 'n mens dwing om rond te blaai tussen spesifieke gelde en ingeslote gelde, veral in hulle bondelrekening.

As 'n ekstra onderwerp in vanjaar se verslag is die koste verbonde aan PayShap, die nuwe onmiddellike oorbetalingskanaal, ook ontleed.

1. Metode en vergelyking van transaksieprofiel

Solidariteit se jaarlikse bankkosteverslag ontleed slegs gewone transaksieprofiel – rekeninge wat vir enige lid van die publiek beskikbaar is. Dit beteken dat rekeninge vir die jeug, studente, bejaardes en spesifieke geloofsgroepe en private bankrekeninge nie gedek word nie. Dit sluit ook nie, tensy dit die enigste in die kategorie is wat deur 'n spesifieke bank aangebied word, rekeninge in waar minimum of maksimum maandelikse inkomste gespesifiseer word nie. Sommige rekeninge wat nie volledige bankdienste dek nie, soos wat byvoorbeeld nie debietorders toelaat nie, is hiervan uitgesluit. Die koste van kredietgeriewe – in die vorm van kredietkaarte, oortrokke fasiliteite, voertuigfinansiering, huislenings en persoonlike lenings – word gevolglik ook nie deur die verslag gedek nie. By van die bondelrekeninge wat op die hoëinkomstegroepe gerig is, word sulke dienste, of afslag daartoe, in die pakket ingesluit. Al meer bondelrekeninge sluit ook voordele in wat voorheen slegs vir kredietkaarthouers beskore was, soos lewensversekering en afslag op sekere produkte en dienste, sowel as toegang tot banke se beloningsprogramme. Hierdie toegevoegde waarde word ook nie in die verslag bespreek nie. Verbruikers moet daarom seker maak dat hulle weet waarvoor hulle alles betaal en probeer om so veel as moontlik waarde uit hulle pakkette te kry.

Vanjaar is daar besluit om ook een voorafbetaalde elektrisiteitsaankoop in die transaksieprofiel in te sluit, om in voeling met verbruikerstendense te bly. Om die goedkoopste moontlike transaksie-opsies weer te gee, is boodskappe aan begunstigdes aangepas om, waar beskikbaar, e-poskennisgewings eerder as SMS'e weer te gee, omdat eersgenoemde gewoonlik gratis is of ten minste goedkoper is. SMS-kennisgewings is ook na transaksiekennisgewings verander, omdat al die banke nou die opsie bied om kennisgewings gratis deur die bank se selftoepassing te ontvang.

	12 transaksies	17 transaksies	14 aanlyn transaksies	25 transaksies	30 transaksies
Maandelikse administrasiegelde	1	1	1	1	1
Stuur geld onder R500	1	1	2	2	3
Trek kontant by verkooppunt	2	2	0	2	2
Trek by eie kitsbank (R500)	0	1	0	1	1
Trek by eie kitsbank (R1 000)	0	0	0	1	2
Trek by eie kitsbank (R1 500)	0	0	0	1	1
Koop voorafbetaalde elektrisiteit (R1 000)	1	1	1	1	1
Saldonavraag by eie kitsbank	0	0	0	1	1

Koop voorafbetaalde lugtyd	1	2	2	2	2
Internetbankbetaling	2	3	5	5	6
Geskeduleerde betaling (intern)	1	1	0	1	1
Geskeduleerde betaling (ekstern)	1	1	0	1	1
Debietorder (intern)	1	2	0	3	4
Debietorder (ekstern)	2	3	4	4	5

Hoewel sommige banke inkomstevlakke vir verskillende rekeninge voorskryf, is die verbruikersprofiel nie volgens inkomstevlak saamgestel nie, maar eerder volgens die aantal transaksies vir elke profiel. Die aantal transaksies wat elke verbruiker in 'n gegewe maand doen, behoort met inkomstevlakke ooreen te stem – goedkoper bankrekeninge word dus by lae transaksieprofiel gebruik en duurder bankrekeninge by hoër profiel. Hoewel dit na raming die koste-effektiefste rekening vir die voorgestelde kategorie sal wees, is elke verbruiker se behoeftes uniek en kan daar uitsonderings op hierdie riglyn wees.

Soos in die verlede is die transaksierekening saamgestel aan die hand van riglyne wat ooreenstem met die besparingswenke wat banke op hulle webwerwe en in promosiemateriaal verskaf. Hierdie riglyne sluit in:

- Min kontantonttrekkings en geen kontantdeposito's nie
- Min of geen kontant by kitsbanke nie, eerder by winkeltoonbanke
- Geen fisiese besoeke aan 'n tak nie, eerder internetbankdienste
- Waar aankope, soos lugtydaankope, gedoen word, word dit via aanlyn platforms soos die bank se selfoontoepassing gedoen
- Die gebruik van selfoontoepassingkennisgewings eerder as SMS-kennisgewings, sowel as e-pos eerder as SMS-kennisgewings wanneer dit aan begunstigdes gestuur word



Hierna volg 'n vergelyking van die maandelikse bankkoste van verbruikers met verskillende verbruikersprofiel, by verskillende banke en met 'n transaksierekening wat die geskikste is vir die profiel. Die rekeninge en opsies wat in die verslag gedek word, is opgedeel in die volgende vier kategorieë. Hierdie vier kategorieë is dieselfde as die kategorieë in vorige jare se verslae, met die toevoeging van suiwer aanlyn bankdienste, wat sedert 2023 ingesluit word.

1. Rekening wat bemark word aan mense met 'n lae inkomste en taamlik basiese bankbehoefte (profiel met 12 en 17 transaksies per maand)
2. Rekening wat, ongeag hoe dit bemark word, slegs vir aanlyn transaksies gebruik word (14 kontantvrye en kontakvrye transaksies)
3. Rekening wat bemark word aan mense met 'n middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte (profiel met 25 transaksies per maand)

4. Rekeninge wat bemark word aan mense met 'n hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte (profiel met 30 transaksies per maand)

Hieronder volg 'n grafiese opsomming van die verskillende kategorieë tesame met 'n meer gedetailleerde ontleding van die opsies in die verskillende kategorieë.

1.1 Lae inkomste en taamlik basiese bankbehoefte



By Capitec hierbo: R5 000-saldo, R2 000-saldo, R500-saldo

In hierdie kategorie is FNB se Easy PAYU-rekening die duidelike wenner. Die grootste faktor wat hierdie rekening van die ander onderskei, is die aantal transaksies wat gratis ingesluit word by die maandelikse bedrag van R5,25. Dit is die enigste rekening in hierdie kategorie waar lugtydaankope gratis is. Kontantonttrekkings by winkeltoonbanke is ook gratis by FNB.

Soos FNB gee Absa Transact ook een gratis stuur van geld na 'n selfoonnommer per maand. Kontantonttrekkings by winkeltoonbanke is ook gratis by albei Absa-rekeninge. Hoewel die Absa Transact-rekening vir die 12- en 17-transaksieprofiële in die tweede plek is, is dit dalk 'n onregverdige vergelyking omdat die rekening beskikbaar is slegs vir mense wat minder as R3 000 per maand verdien. Daarna word dit na die Flexi-rekening opgegradeer. Die Absa Flexi-rekening is verreweg die duurste in hierdie kategorieë.


Capitec is steeds die enigste bank in hierdie kategorie wat rente op die saldo bied. Teen 3,5% is dit egter nie genoeg om op te weeg teen die gelde wat gehef word nie en is Capitec nie meer juis mededingend teenoor die voorloper nie.

1.2 Suiwer aanlyn bankbehoefes

In hierdie afdeling word aangeneem dat geen kontanttransaksies gedoen word nie. Die transaksies sluit slegs digitale transaksies en die maandelikse administrasiegelde in en daar word aangeneem dat alle debietorders en internetbankbetalings ekstern is, om die nuwe banke op gelyke voet met tradisionele banke te plaas.

Die groot bepaler van die wenner is die aantal transaksies wat geen koste dra nie. In hierdie geval is TymeBank 'n kortkop voor Bank Zero. In albei banke se geval is die enigste transaksie op ons lys wat 'n koste het, die stuur van kontant na 'n selfoonnommer. Waar daar ook verskille is, soos by ander banke, is by die koste wat gehef word vir kitsbanktransaksies by ander banke, sowel as die koste vir onmiddellike oorbetalings na rekeninge by ander banke. Dit word later in die verslag bespreek.

Vir kliënte wat geen behoefte aan fisiese takke het nie, is hierdie banke dus ideaal. Die kosteverskil spreek vanself.




1.3 Middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefes

Die transaksieprofiel met 25 transaksies per maand word vir hierdie vergelyking gebruik. Hierdie kategorie bevat banke se vlagskiprekening – die rekening wat aan die kernkliëntebasis bemark word. Rekening in hierdie kategorie kwalifiseer almal vir die banke se onderskeie lojaliteitsprogramme, hoewel Capitec se program nie naastenby so uitgebrei soos die ander banke s'n is nie. Dit sluit ook ander vorme van toegevoegde waarde in, soos gekoppelde kredietkaarte, versekering teen afslag, toegang tot lughawesitkamers en ander pakkette wat van bank tot bank hemelsbreed verskil. Hoewel Capitec nie so 'n uitgebreide lojaliteitsprogram het nie, is hierdie bank tog ingesluit omdat hy heelwat kliënte in hierdie verbruikersegment het.

Wanneer daar suiwer na koste gekyk word, is Capitec die duidelike wenner in hierdie kategorie, veral as ons aanvaar dat verbruikers in hierdie kategorie ten minste vir 'n deel van die maand 'n saldo wat rente sou verdien, in hulle transaksierekening sou hê.

Wanneer ons egter kyk na banke met 'n behoorlike waarde-aanbieding, is FNB weereens die goedkoopste. Dit is weereens as gevolg van die omvattende lys koste wat ingesluit word in die maandelikse gelde van R99. Slegs die aankoop van elektrisiteit bring 'n ekstra koste van R3 mee.

In die tweede plek is Nedbank, wat verlede jaar in die laaste plek was. By Nedbank word alle transaksies op ons lys, buiten die stuur van kontant na 'n selfoonnommer, in die maandelikse gelde van R99 ingesluit.



By Capitec hierbo: R5 000-saldo, R2 000-saldo, R500-saldo

1.4 Hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte


Die verbruikersprofiel met 30 transaksies per maand word vir hierdie vergelyking gebruik. Rekeninge in hierdie kategorie is veel meer gefokus op toegevoegde waarde en beloningsprogramme as suiwer op koste. Die doel van ons verslag is egter om koste te vergelyk, en verbruikers word dus aangemoedig om te kyk of die toegevoegde waarde die ekstra koste regverdig.

Hoewel koste waarskynlik nie die grootste faktor is vir verbruikers in hierdie kategorie nie, is dit steeds nuttig om dit te oorweeg alvorens ander faktore in ag geneem word. Ander faktore is dinge soos hoe besig die bank is as 'n mens gereeld takke moet besoek, dienste soos 24-uur-toegang tot bankiers en die beloningsprogram, asook toegang tot lughawesitkamers, gekoppelde kredietkaarte en huislenings, sowel as afslag vir getroude paartjies.

In hierdie afdeling is die mededingendste rekening bepaal deur die aantal gratis transaksies wat in die maandelikse gelde ingesluit word. Hoewel Nedbank se Migoals Premium-rekening dus, met 'n maandelikse bedrag van R240 teenoor die ander drie banke se R230 per maand, die duurste blyk te wees, wen hy met gemak hierdie kategorie, deurdat alle transaksies op ons lys by daardie bedrag ingesluit word. Nedbank het dus sy aanbieding geweldig vereenvoudig en sodoende ook die totale koste verlaag.

Naas Nedbank is FNB se Fusion Premier-rekening die goedkoopste. Dit is slegs die stuur van geld na 'n selfoonnommer en die aankoop van elektrisiteit wat 'n ekstra koste buiten die maandelikse gelde meebring.

In hierdie kategorie is dit ook vreemd om op te merk dat daar by Absa en Standard Bank steeds gelde is wanneer 'n bewys van betaling aan die begunstigde gestuur word, terwyl dit by alle ander banke se pakkette ingesluit is en, in Standard Bank se geval, in sy MyMo Plus-rekening ook ingesluit is.



2. Uitsonderlike koste soos Saswitch-gelde en onmiddellike oorbetalings na rekeninge by ander banke

Vir hierdie vergelyking is die rekeninge wat aan banke se kernkliëntebasis bemark word gebruik. Dit kan wissel van rekening tot rekening. Omdat dit transaksies is wat nie gereeld deur almal gedoen word nie maar wat wel noemenswaardige verskille tussen banke toon, is daar besluit om dit in 'n aparte afdeling in die verslag in te sluit. Bank Zero beloof onmiddellike betalings as 'n reël en hef daarom nie gelde vir onmiddellike oorbetalings nie. Omdat TymeBank en Bank Zero nie hulle eie kitsbanke het nie, prioriseer hulle duidelik Saswitch-koste vir wanneer hulle kliënte na ure, wanneer deelnemende winkels toe is, teen lae koste wil kontant trek.

Saswitch-koste	R500	R1 000	R2 000
Capitec	10,5	10,5	21
Absa	22,5	35	60
Nedbank	20	20	30
Standard Bank	12	24	48
FNB	24	36	60
TymeBank	10	10	20
Bank Zero	9	9	18

Onmiddellike Oorbetaling	R500	R2 000	R5 000
Capitec	7,5	7,5	7,5
Absa	7,5	7,5	40
Standard Bank	10	50	50
Nedbank	10	10	10
FNB	30	30	30
TymeBank	7	14	35

3. Koste en bespreking van PayShap-oorbetalings

PayShap is 'n nuwe onmiddellike oorbetalingskanaal wat in 2023 van stapel gestuur is. Behalwe dat dit oor die algemeen aansienlik goedkoper as die gewone onmiddellike oorbetalingskanale is, beloop dit ook om altyd onmiddellik te wees, selfs wanneer verbruikers vir die eerste keer met mekaar sake doen. Die gewone kanaal het in sulke gevalle dikwels 'n oponthoud van ongeveer 'n uur. Die nadeel van PayShap is dat daar 'n transaksielimiet van R3 000 geld. Die Reserwebank het egter beloop om in die toekoms die aanbieding uit te brei om groter bedrae onmiddellik te kan akkommodeer.

	Nedbank	Capitec	Standard Bank	FNB	Absa	TymeBank
Stuur R80 na ShapID	0	0	3	0	0	0
Stuur R150 na ShapID	1	1,5	7	1,3	1	0
Stuur R3 000 na ShapID	1	3	30	19,5	7,5	0
Stuur R80 na bankrekening	7,5	0	3	0	7,5	0
Stuur R150 na bankrekening	7,5	1,5	7	1,3	7,5	0
Stuur R3 000 na bankrekening	7,5	3	30	19,5	7,5	0

Aanhangsel A – Bykomende inligting oor metode en benadering

Hierdie is die finale en korrekte weergawe van die Solidariteit Bankkosteverlag 2024.

Die doel van hierdie studie is nie om kommentaar te lewer op die feit dat Suid-Afrikaanse banke gelde hef of om dit te kritiseer nie. Bankgelde as 'n direkte meganisme om die koste van transaksiebankdienste te verhaal, is nie noodwendig slegter as indirekte meganismes soos om die koste van krediet te gebruik om transaksiebankdienste te kruissubsidieer nie. Hierdie verslag is net 'n vergelyking van die verskillende opsies wat tot die beskikking van Suid-Afrikaanse houers van transaksierekening is.

Die bron van inligting vir hierdie vergelyking tussen verskillende bankrekening is die banke se eie webwerwe.

Die gebruik van die banke se webwerwe was 'n manier om alle banke gelyk te behandel met betrekking tot die akkuraatheid en duidelikheid van hulle webwerwe en die akkuraatheid en konsekwentheid van die inligting wat aan die publiek verskaf word. Die inligting wat in die vergelyking gebruik is, is dus dieselfde inligting wat tot die algemene publiek se beskikking is.

Dwarsdeur die verslag is daar gepoog om die jongste inligting te gebruik en om dit akkuraat oor te dra. Die inligting is van die elektroniese brosjures op die banke se webwerwe verkry toe elke bank aan die einde van 2023 sy koste vir 2024 aangekondig het, en dit is verder nagegaan om seker te maak dat enige latere veranderinge in ag geneem is. Geringe onakkuraathede kon by die oordrag van inligting ingesluit het, hoewel daar deurgaans na akkuraatheid gestrewe is. Om hierdie redes kan die inligting in hierdie verslag nie noodwendig as 'n presiese weerspieëling beskou word van wat op die staat van 'n bankkliënt met enige van die verskillende rekening sal verskyn nie. Daar kon dalk veranderinge gekom het na voltooiing van die verslag, die webwerwe en elektroniese brosjures kan dalk foutiewe inligting bevat, en foute kon ingesluit het met die transkribering en/of vertolking van korrekte data.

Die vyf grootste banke in Suid-Afrika wat transaksierekening aanbied, sowel as aanlyn banke wat die algemene publiek as kliënte teiken, is by hierdie verslag ingesluit. Daar bestaan verskeie ander handelsbanke, koöperatiewe banke en nie-bankverskaffers van finansiële dienste wat meeding met die sewe banke wat hier vergelyk is. Die meeste van hierdie instellings het egter 'n klein geografiese voetspoor, bied net beperkte dienste aan of fokus net op beperkte marksegmente. Om hierdie redes is net bogenoemde sewe instellings by hierdie ontleding ingesluit.

Slegs die koste van transaksierekening is vergelyk. Produkte soos beleggingsrekening, huislenings, voertuigfinansiering of besigheidsrekening is nie bestudeer nie omdat die koerse en tariewe wat met sulke dienste geassosieer word, in groter mate van persoonlike omstandighede en eienskappe afhang en nie so gestandaardiseer soos die koste van transaksierekening is nie. Nog 'n rede hoekom kredietfasiliteite nie in die vergelyking gebruik is nie, is dat dit nie doenlik is om 'n statiese vergelyking van die groot aantal verskillende opsies, kombinasies, rentevrye tydperke en rentekoerse wat beskikbaar is, te tref nie.

Uitsonderlike gelde soos vir die vervanging van verlore kaarte is nie by die ontleding ingesluit nie. Die insluiting van sulke gelde, wat die meeste kliënte selde teenkom, sal die maandelikse kosteprofiel verwing.

Die verslag sluit nie rekeninge vir kinders, studente, ouer mense, pensioenarisse of spesifieke geloofsgroepe in nie. Die meeste banke het rekeninge wat net vir hierdie groepe beskikbaar is en wat gewoonlik goedkoper is. Jonger en ouer mense moet dus die moeite doen om by banke navraag te doen oor produkte wat spesifiek vir hulle ontwerp is. Hierdie produkte is dikwels bykans kostevry.